Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1180**(A)**(N12)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# HANDELSREG N5

(13030105)

**12 Junie 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A (VERPLIGTEND)
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. AL die antwoorde moet in vol sinne wees, behalwe waar anders aangedui word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Kies 'n term/woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Leerstuk wat 'n persoon bind aan die indruk wat hy/sy geskep het | A | rente |
| | | B | promotor |
| 1.1.2 | Hoofdoel van die sekwestrerende skuldeiser is om die skuldenaar van finansiële ondergang te red | C | bekragtiging/ratifikasie |
| | | D | direkteur |
| 1.1.3 | Persoon wat die inisiatief neem om 'n openbare maatskappy te stig | E | dividend |
| | | F | sekwestrasie |
| 1.1.4 | Dokument wat die interne verhoudings en administratiewe aangeleenthede reguleer tussen die korporasie en die lede en tussen die lede onderling | G | samewerkingsooreenkoms |
| | | H | stigtingsverklaring |
| | | I | estoppel |
| 1.1.5 | Besoldiging ontvang deur 'n aandeelhouer | J | vriendelike sekwestrasie |

(5 × 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.21–1.2.–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| balansstaat; bergingsretensiereg ('salvage lien'); uitnodiging; medeborge; aandele; skuldenaar-en skuldenaar-retensiereg; regterlike ('judicial'); verbeteringsretensiereg; gemagtigde; onderskeibaar; vrye oorskot: skuldeiser-en-skuldeiser-retensiereg; stigtingsverklaring; verrykingsretensiereg; konkurrente; borge/waarborge ('sureties'); effektetrusts; twintig; prospektus; ononderbroke; verteenwoordiger; skuldenaar-en-skuldeiser-retensiereg; staat van bates; veelvoudige ('multiple'); regspersoonlikheid; gedekte bates ('secured assets') |

1.2.1 Daar is DRIE hooftipe retensieregte, naamlik ..., ... en ... .

1.2.2 Wanneer twee of meer persone vir dieselfde skuld borg staan, word hulle ... genoem.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2.3 Die rekord van bates en laste wat die insolvent moet indien wanneer hy/sy aansoek doen om gesekwestreer te word, word 'n ... genoem.

1.2.4 Die maksimum lidmaatskap van 'n vennootskap is ...

1.2.5 Besit is 'n absolute vereiste vir die bestaan van 'n geldige retensiereg. Sodanige besit moet ... en ... wees.

1.2.6 'n Maatskappy is 'n onafhanklike draer van regte en verpligtinge, omdat dit ... het.

1.2.7 'n Beslote korporasie word tot stand gebring deur 'n ... te registreer.

1.2.8 'n Insolvente boedel word in twee groepe ingedeel, naamlik die ... en die ...

1.2.9 Ten einde die omvang te bepaal waartoe die prinsipaal aanspreeklik is vir die onregmatige dade (delikte) van die agent, moet vasgestel word of die agent as ... van die prinsipaal opgetree het of as ... .

1.2.10 Die voorkeurorde waarin die skuldeisers van 'n insolvent betaal sal word vir geld wat na sekwestrasie aan hulle verskuldig is, is eerstens die versekerde ('secured') ... en dan die ... skuldeisers.

(15 × 2) (30)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Rehabilitasie is die regsproses waarvolgens 'n insolvent se bates by wyse van 'n hofbevel van hom/haar weggeneem word.

1.3.2 Die een ding wat 'n vennootskap en 'n beslote korporasie met mekaar gemeen het, is dat albei vorms van eienaarskap 'n stigtingsverklaring het.

1.3.3 Die beslote korporasie is 'n sake-entiteit wat uit 'n minimum van tien lede bestaan.

1.3.4 'n Dekkingsverband is 'n verband om 'n toekomstige skuld te verseker.

1.3.5 Die doel van die 'beneficium-verdeling' ('beneficium division') is om voldoende tyd aan die skuldeiser te verleen om die skuldenaar te dagvaar vir betaling van sy/haar skuld.

(5 × 2) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Noem VIER kenmerke van 'n vennootskap. (4 × 2) (8)

2.2 Noem die vereistes waaraan 'n vennootskap moet voldoen voor die vennootskap gebonde sal wees aan enige kontrak wat hy sluit. (2 × 2) (4)

2.3 Noem VIER maniere waarop verteenwoordiging (verteenwoordigende hoedanigheid) kan ontstaan. (4 × 2) (8)

2.4 Onderskei tussen *vrywillige boedeloorgawe* en *verpligte sekwestrasie*. (4 × 2) (8)

2.5 Uit die verskillende beskrywings hier onder (2.5.1–2.5.3), identifiseer (noem) die korrekte tipe agent in elke geval.

2.5.1 Tensy hy/sy verbied word om dit te doen, mag hierdie agent die prinsipaal se goedere op krediet verkoop.

2.5.2 Hierdie agent is 'n gelisensieerde agent wat goedere slegs vir kontant verkoop, tensy die prinsipaal hom/haar magtig om dit op krediet te verkoop.

2.5.3 Anders as die eiendomsagent, onderhandel hierdie agent gewoonlik slegs die koop- en verkoopprys van roerende goedere.
(3 × 2) (6)

2.6 Lees die kort feitestel hier onder. Nadat jy elke feitestel bestudeer het, moet jy voldoende redes verskaf om aan te toon of elke feitestel op 'n daad van insolvensie neerkom of nie.

Skryf 'Ja' of 'Nee' en gee 'n rede vir jou antwoord langs elke antwoord.

2.6.1 Heather, 'n onderwyseres, skryf 'n brief aan haar bank waarin sy hulle inlig dat sy finansiële probleme ondervind en nie haar maandelikse verbandpaaiement van R9 000 kan betaal nie. Sy is egter bereid 'n om maandelikse bedrag van R5 500 te betaal.

2.6.2 Daar is verslag gedoen dat mense gesien het dat Andile, die eienaar van 'n hotel, die Mthatha Inn, al die meubels en toebehore uit die hotel verwyder. Dit kom aan die lig dat die hotel R140 000 skuld aan Distiller's (Edms) Bpk vir wyn en spiritualieë wat Andile die afgelope drie maande by hulle gekoop het.

2.6.3 Ayesha, 'n welgestelde rekenmeester wat haar eie firma van rekeningkundige praktisyns bestuur, nader twee van haar skuldeisers, XYB Bank en Rustic Furniture Supplies, en lig hulle in dat sy bereid is om haar skuld te delg deur elkeen van hulle slegs 30 sent in elke rand te betaal.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.6.4 Pieter nader een van sy skuldeisers en versoek hulle om sy onderneming te besoek en goedere te neem ter waarde van die geld wat hy hulle skuld. Hy belowe hulle dat as hulle bereid is om dit te doen, sal hy vir ewig hulle lojale kliënt bly. (4 × 2) (8)

2.7 Bespreek die volgende vereiste vir 'n geldige vennootskapsooreenkoms:

Elke vennoot moet iets tot die vennootskap bydra. (4 × 2) (8)
**[50]**

**EN/OF**

**VRAAG 3**

3.1 Het 'n beslote korporasie regspersoonlikheid? Verduidelik kortliks. (3 × 1) (3)

3.2 Vergelyk die volgende kenmerke (onderskeidende eienskappe) in (3.2.1–3.2.5) tussen 'n beslote korporasie en 'n vennootskap (in die algemeen).

**WENK:** Teken 'n tabel (3 kolomme en 6 rye) soos in die voorbeeld aangedui en skryf die antwoorde in die tabel in jou ANTWOORDBOEK neer.

Voorbeeld:

| | **BESLOTE KORPORASIES** | **VENNOOTSKAP** |
|---|---|---|
| 3.2.1 Regspersoonlikheid | | |
| 3.2.2 Aanspreeklikheid vir ondernemingskulde | | |
| 3.2.3 Uitwerking van verandering in lidmaatskap | | |
| 3.2.4 Verantwoordelikheid om vertrouensplig uit t oefen | | |
| 3.2.5 Indiening van jaarlikse inkomstebelastingopgawes | | |

(5 × 2) (10)

3.3 Skryf 'n kort aantekening oor die vertrouenspligte van die lede van 'n beslote korporasie. Verwys na die gevolge as 'n lid een van hierdie pligte sou skend. (6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.4 Mev Baleni is die Besturende Direkteur van XPlatco Bpk, 'n mynmaatskappy. Mnr Curtis, die eienaar van 'n mineraalryke plaas, Platinum Hills, lig mev Baleni in dat hy bereid is om sy plaas aan XPlatco Bpk te verkoop teen die prys van R8 miljoen.
Mev Baleni koop die plaas in haar persoonlike hoedanigheid vir die prys van R8 miljoen. Sy verkoop die plaas later aan XPlatco Bpk wat die grond desperaat nodig het om hulle in staat te stel om met hulle mynbedrywighede voort te gaan teen die plaas se markwaarde van R10 miljoen.

Evalueer die situasie hier bo uiteengesit en beantwoord die vrae hier onder.

3.4.1 Ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008, sou jy sê dat mev Baleni in ooreenstemming met haar vertrouenspligte as maatskappydirekteur opgetree het?

Antwoord 'Ja' of 'Nee' en verstrek redes vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

3.4.2 Veronderstel mev Baleni is daaraan skuldig dat sy haar plig as direkteur nie nagekom het nie. Noem die vertrouenspligte wat sy nie nagekom het nie. (2)

3.4.3 Veronderstel die aandeelhouers is nie tevrede met mev Baleni se optrede nie en nader u om advies. Wat mev Baleni se optrede betref, wil hulle weet of daar enige regsmiddels tot hulle beskikking is.

Adviseer hulle dienooreenkomstig en verskaf redes vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

3.5 Jy het 'n getroude vriend wat 'n kredietkaart van Bank X het en wat (as borg) aansoek by die bank gedoen het dat sy vrou (as medeskuldenaar) sy kredietkaart deel en dieselfde gebruikersregte aan haar verleen as wat hy het. Sy vrou het onlangs baie inkopies gedoen en baie uitgawes op haar kredietkaart aangegaan. Sy sukkel nou om die maandelikse bedrag te betaal wat op haar kredietkaart verskuldig is, omdat sy 'n paar maande lank geen kredietbetalings gemaak het nie. Die bank eis nou (by wyse van regsoptrede) dat jou vriend sy vrou se kredietkaartskuld betaal.
Hy nader jou om advies. Aangesien dit 'n duidelike geval van borgstelling is waar die skuldeiser (bank) betaling van die borg eis, moet jy jou vriend advies gee oor die opsies tot sy beskikking ten opsigte van die drie gemeenregtelike privilegies (bevoorregtings).

3.5.1 Watter een van die drie privilegies/bevoorregtings kan hy gebruik as verweer teen die bank se eise dat hy al sy vrou se kredietkaartskuld betaal? (2)

3.5.2 Skets in 'n sin 'n beskrywing van die spesifieke remedie wat jy hom sal aanraai om te gebruik. (3)

3.6 Noem DRIE gevolge van insolvensie vir die insolvente skuldenaar. (3 × 2) (6)

3.7 Verduidelik kortliks die betekenis van vernietigbare beskikkings soos van toepassing ingevolge die Insolvensiewet. Noem EEN voorbeeld van so 'n beskikking. (2 × 2) (4)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**EN/OF**

## VRAAG 4

4.1 Bespreek die statute van 'n openbare maatskappy onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Definisie (2)

4.1.2 Vorm en regsvereistes (4 × 2) (8)

4.1.3 Inhoud (3 × 2) (6)

4.2 Wat is die doel van ondernemingsredding vir 'n maatskappy? (2 × 2) (4)

4.3 Die direkteur van 'n maatskappy moet die nodige sorg en noulettendheid/vaardigheid toon wanneer hy/sy sy/haar bevoegdhede uitoefen. Verduidelik hierdie stelling kortliks. (3 × 2) (6)

4.4 Bespreek die gevolge van die ontbinding van 'n vennootskap in die algemeen. (2 × 2) (4)

4.5 Bespreek die omskepping van 'n maatskappy in 'n beslote korporasie (BK) onder die volgende opskrif:

Implikasies van 'n omskepping in 'n BK (3 × 2) (6)

4.6 Noem TWEE gevolge van rehabilitasie op 'n insolvent. (2 × 2) (4)

4.7 Lees die gevallestudies hier onder noukeurig. Spesifiseer in elke gevallestudie die pligte wat die agent of verteenwoordiger NIE nakom nie.

4.7.1 Zolani het 'n algemene volmag van Gary ontvang om in die algemeen namens hom op te tree. Ses maande nadat Gary die volmag aan Zolani verleen het, besoek hy Zolani se kantoor en versoek haar om die boeke ten opsigte van die volmag vir inspeksie beskikbaar te stel. Zolani weier.

4.7.2 Manya magtig Nico om 'n lening van R1 miljoen met Quick Loans Bpk te onderhandel. Nico se kommissie sal 1% van die leningsbedrag wees. Nico kry 'n aanbod van Quick Loans Bpk om die R1 miljoen te leen op voorwaarde dat Manya alle regskoste in verband met die lening betaal. Nico dra hierdie aanbod oor aan Manya, en lig haar in dat die regskoste R4 000 beloop. Hulle sluit die transaksie, maar die regskoste beloop nou in werklikheid R8 000, met die gevolg dat Manya se onkoste nou R4 000 meer is as waarvoor sy begroot het.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.7.3 Bruce is 'n verteenwoordiger vir Wheelz, 'n finansiële instelling wat spesialiseer in motorvoertuigfinansiering. Die maatskappy het omvattende riglyne neergelê ingevolge waarvan verteenwoordigers potensiële kliënte moet kies. Bruce tree egter roekeloos op en staan lenings toe aan 'n ieder en 'n elk sonder om hul aansoeke aan die voorgeskrewe kiesprosedure te onderwerp. Die maatskappy ly gevolglik finansiële verliese omdat leners nie hulle lenings terugbetaal nie.

4.7.4 Steven stel Marwaan aan om sy (Steven se) woonstel te verkoop. Marwaan verkoop die woonstel aan Sibusiso teen 'n nominale bedrag. Sibusiso is in werklikheid in 'n vennootskap met Gary en die woonstel is aan die vennootskap verkoop.

4.7.5 Sabeena verhuis van Kaapstad na Durban en stel vir Herman, 'n eiendomsagent, aan om haar meenthuis te verkoop. Herman verkoop die meenthuis aan Sibongile teen 'n nominale bedrag. Sibongile is in werklikheid in 'n vennootskap met Herman en die meenthuis is aan daardie vennootskap verkoop.
(5 × 2) (10)
**[50]**

**EN/OF**

**VRAAG 5**

5.1 Noem DRIE hoofklasse/hoofindelings van aandele en toon die eienskap/pe van elke klas/indeling aan in verhouding tot die ontvangs van 'n dividend.
(1 punt vir klas + 3 punte vir klassifikasie) (3 × 4) (12)

5.2 Bespreek verbande onder die volgende opskrifte:

5.2.1 Watter VYF belangrike stukke inligting is noodsaaklik en moet ingesluit word by (ingeskryf word in) enige verbandakte (as regsdokument)? (5 × 2) (10)

5.2.2 Sowel skuldenaars as skuldeisers wat by verbande betrokke is het regte en pligte ingevolge die bepalings van die reg.

Noem DRIE van die verbandhouer se pligte ingevolge hierdie heersende omstandighede. (3 × 2) (6)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.3 Toe jou kollege onlangs hulle kwartaaltydksrif geloods het, het jy begin met 'n antwoordkolom, Your Questions Answered, waarin jy en 'n paar ander studente, onder toesig van julle dosent in Handelsreg, verskeie vrae met regsimplikasies beantwoord.

Julle verskaf nie 'n (professionele regs-) diens nie en moedige studente, hul familie en/of vriende aan om vrae na julle kolom te stuur om raad te vra, maar dat hulle ook regsadvies moet kry in ernstige gevalle wanneer hulle die deskundige raad van 'n regspraktisyn/prokureur nodig het.

WENK: Aangesien spasie 'n probleem is, moet jou antwoorde kort en kragtig wees.

5.3.1 Een van ons maatskappydirekteure is op 'n ernstige aanklag van diefstal gearresteer.

(a) Wat gebeur met sy posisie as direkteur as die hof hom skuldig bevind en veroordeel?

(b) Kan die direkteur voortgaan en sy posisie in die maatskappy behou?

(c) Wat bepaal die Maatskappywet in hierdie verband?

(d) Kan die hof besluit om hom gesag te verleen/nie te verleen nie om as direkteur op te tree?

(4 × 2) (8)

5.3.2 My onderneming ondervind tans finansiële probleme en ek was op die punt om briewe aan my skuldeisers te stuur om hulle in te lig dat ek nie in staat is om my skulde te betaal nie. 'n Vriend het my egter gewaarsku om nie hierdie briewe aan my skuldeisers te stuur nie, aangesien my skuldeisers dan daarop geregtig sou wees om my onderneming te likwideer.

(a) Is hierdie advies korrek?

(b) Wat sou die gevolge van sulke briewe aan my skuldeisers gewees het?

(c) Wat bepaal die Insolvensiewet in hierdie verband?

(3 × 2) (6)

5.4 Die volgende vraag hou glad nie verband met bogenoemde vrae nie:

Oorweeg die volgende stelling hier onder en skryf twee paragrawe oor die funksies en pligte van 'n maatskappy-ouditeur.

'Die maatskappy-ouditeur speel 'n waaksame en objektiewe rol om te verseker dat die aandeelhouers se belange goed beskerm word en dat die bestuur van die maatskappy redelik optree.' (4 × 2) (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou